

Hoofstuk van die dag: Spreuke 24

> *Al val die regverdige hoeveel keer, hy staan weer op, maar die goddeloses word deur rampe vernietig. (vers 16)*

Liewe Jemen
Ek verlang daarna om julle weer te sien. Is Adoniram dan nie

al byna sewentien nie? Hy is seker al hoogs hubaar, of hoe? Ek is seker die vorste staan tou om hulle dogters aan hom voor te stel.
Intussen het Rehabeam ’n nuwe liefde: Maäka. Sy is die dogter van ’n halfbroer van my, Absalom. Jy onthou miskien, ek het jou vertel van hom, en hoe hy teen my pa ’n staatsgreep beplan het en toe gesneuwel het. In elk geval, Absalom het twee dogters gehad: Tamar, en Maäka, sy jongste. Sy is ’n lieflike kind. Hulle trou oor drie maande, op die 2e Abib. Ek hoop julle sal die huweliksfees kan kom bywoon.
Hier in Israel gaan dit maar ou stryk. Ek raak net ’n bietjie sat vir al die kansvatters wat by my aankom om geld te bedel. Nie dat ek onwillig is om ’n verdienstelike geval te help nie – dit weet jy tog self. Maar met iemand wat te lui is om te werk, het ek min simpatie. Ek het nou wel meer as genoeg, maar dit is nie van agteroor sit en laat slaap nie!
Ek hoor ook van my handelskontakte dat dit nou weer met julle geldsake baie goed gaan. Ek is bly. Ek het geweet julle sal weer uit julle ellende opstaan. ’n Flukse mens kry jy mos nie onder nie.
Groete vir Abimeleg en Adoniram. Sê hy moet maar goed kies tussen die skone geslag, want ’n goeie vrou is wonderlik, maar ’n verkeerde keuse kan die lewe vir jou bitter swaar maak.
Laat weet asseblief of julle by Rehabeam se troue kan wees.
Salomo

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026